

DECLASSIFIED

-- 7 --

Op 23/8/1953, het hy 'n vergadering van die A.N.C. te Germistons lokasie toegesprek en onder andere gesê :- Ons nie-blankes moet onder vuil en moreelge omstandighede in die lokasies en agterbuurtes leef. Ons moet saamstaan en onself bevry. Toe Jan van Riebeeck hier geland het, het hy ons voorvaders seplunder en hulpe van hulle land beroof. Ons nie-blankes is die regmatige en wettige eienaars van hierdie land. Indië is vandag vry en onafhanklik en floreer op elke gebied. Ons moet Suid Afrika van vreemde indringers suiver. Die vreemdes het die land binnegekom om ons te onderdruk, moet uitgeskop word."

Op 30/8/1953, het hy 'n massa konferensie van die "African National Congress" en die "Transvaal Indian Congress" te Klipfontein Johannesburg bygewoon en die "Credentials Committee Report" gelees.

Op 21, 22 en 23 Augustus 1953, het hy 'n konferensie van die "South African Peace Council" te Johannesburg bygewoon. Op hierdie konferensie is hy gekies as uitvoerende komiteelid van die organisasie.

Op 8/9/1953, het hy 'n vergadering van die Springbok Legioen en die "Congress of Democrats" te Johannesburg bygewoon. Die vergadering was toegesprek deur welbekende kommuniste.

Op 19/9/1953, het hy 'n vergadering van die "Transvaal Peace Council" te Johannesburg bygewoon en is gekies om op die Uitvoerende Komitee van die organisasie te dien.

Op 26 en 27 September 1953, het hy 'n aktiewe deel geneem in die fees, georganiseer deur die "Transvaal Youth Festival Committee for Peace and Friendship and Racial Harmony" te Jukekeirivier distrik Johannesburg. Hierdie fees was bygewoon deur 'n aantal bekende kommuniste.

Op 21 November 1953, het hy 'n vergadering van die "Transvaal Youth Festival Committee" te Johannesburg bygewoon, en is daar gekies as 'n Gesamentlike sekretaris.

2.12.53.

DECLASSIFIED

andere gesê :- "Ek was oorsee ongeveer 'n jaar gelede en glo my uaar is geen demokrasie in hierdie land nie. Selfs in Engeland is daar apartheid soos hier. In Hongarye, wat 'n bondgenoot is van die Ooste, word 'n man met 'n bruin vel gerespekteer. Daar is vrede tussen die Polisie, die soldate en die publiek. Wit menses val oornatkeer om in ons guns te kom en beskou ons as heide. Hier word blankes van kleins af gekeer om ons te haat, selfs die Eerste Minister was in my geïnteresseerd. Daar is nie die rou, Duitse wat mens hier aantref nie. Daar is die vrede groot en heerlik. Daar is geen skum soos Malin en Swarts wat onskuldige mense laat doodskiet en siaan nie. Die Weste is uit wat 'n oorlog teen die Ooste af te dwing. Ons moet en sal nie aan so om 'n oorlog deelneem nie. Ons sal so 'n oorlog op elke gebied voorkom. 'n oorlog deelneem nie.

Die mense van Rusland, China en Korea is ou broers, hulle sal saamwerk met al die verdrukke mense van die wêreld en saam sal ons veg vir vryheid. Nie een nie-Blanke in Afrika moet die wapen optel teen Rusland en die Ooste nie. Nog minder die oorlog ondersteun nie."

Ons moet sy aan sy met die mense van daardie lande veg vir ons vryheid.

Op 13/6/1953, het hy 'n vergadering van die "Transvaal Peace Council" te Johannesburg bygewoon. Die vergadering was toegesprek deur welbekende kommuniste. Op 22/6/1953, het hy die die onderwermelde sinnesdes met teer op die mure van geboue in Newclare en Sophiatown geveert. "Defend our Churches. Hands off Newclare. We won't move, Down with Verwoerd. Defend homes. Defend our Homes". Op 28/6/1953, het hy 'n vergadering gereël deur die "African National Congress" en die "Transvaal Indian Congress" in verband met die verwydering van swart kalle te Sophiatown, Johannesburg bygewoon.

Op 24/5/1953, het hy as voorsitter opgetree by die jaarlikse vergadering van die "Transvaal Indian Youth Congress" en gesê :- Meer dan ooit tevore moet ons saamstaan om hierdie Regering te beveg. Die Nasionale Party is weer aan bewind. 'n Oorwinning vir die Verenigde Party sou ook 'n oorwinning vir die nie-Blanke in hierdie land beteken het. Malan sal nie aan ons eise toegee nie en ons vryheid en gelykstelling sal ons alleenlik deur geweld verkry. Die Grootste veldtog in hierdie land nog ooit sal binnekort geloods word. Die Nasionale Regering wil 60,000 nie-Blanke van hulle elendomme in Sophiatown en Westelike voorstede berowe. Ons sal ons teen hierdie stap verset. Ons sal sorg dat die Groepsgeblede Wet van Malan nie tot uitvoering gebring word nie.

Op 5/7/1953, het hy 'n verwelkomings-byeenkoms vir Natuurlike hooft Sobusa te Orlando bygewoon. Op 25 Junie 1953, het hy 'n vergadering van die "Transvaal Indian Youth Congress" as voorsitter die vergadering as volg toegesprek :- Op 26/6/1953, sal dit 'n jaar wees sedert die Versetveldtog 'n aanvang geneem het, en het 'n beroep op almal gemaak om die dag te herdenk deur vure voor hulle wonings en kantore se deure te brand en ook vuurwerke af te vuur. Hy het ook die wat teenwoordig was gevra om vir een minuut in stilte te staan vir die Rosenberg's wie, soos hy gesê het, deur die Amerikaners vermoor was.

Op 2/8/1953, het hy 'n vergadering van henderking van die vierde "World Festival Of Youth and Students for Peace and Friendship" te Johannesburg toegesprek, en het onder andere gesê :- "Ons groet die jeug van die wêreld en rig ons spesiale groete aan Walter Sisulu wat ten spyte van al die strukturele wat deur die huidige Regering in sy weg gelê is tog daar in geslaag het om die land te verlaat en in sy wêreld in staat te wees om die fees te Bucharest by te woon.

Ons verdoem [redacted] se beleid en wat hy sé en doen is 'n bedinging vir die Westerse beskawing, soos gevind word in Europese lande. Ons Regering is gekant teen gesamentlike byeenkomste van blank en nie-blank, maar hierdie vergadering is 'n antwoord op die Regering se beleid. Daar sal in die nabye toekoms baie vergaderings van hierdie soort gehou word. Niks wat die Regering doen of gaan doen sal ons verhinder om ons vriendekring op te bou nie."

DECLASSIFIED 23/8/1953 /7.....



DECLASSIFIED

toespraak en het gesê :- "People are fighting for freedom in the whole world. I was in Europe a few months ago and there saw numbers of human bones lying about the country, bones of Jews that Hitler killed because he accused them of being communists. They were not communists, [redacted] is now following the example of Hitler by arresting our leaders!"

Op 1/10/1952, het hy as voorsitter opgetree by 'n vergadering van die "Transvaal Indian Youth Congress" en het onder andere gesê :- "I wish young China every luck in its success in obtaining freedom from white oppression".

Op 10/11/1952, het hy as voorsitter opgetree by 'n vergadering van die "World Federation of Democratic Youth", te Johannesburg en gesê :- "People you must volunteer now, tomorrow it will be too late. Time waits for nobody. Let us take our action forward. Malan wants us to fight. When we started this campaign we him that we would not fight, but now they want to fight. Let [redacted] and [redacted] get their skiet kommando's ready we are not scared of them. They say they are fighting communism, let them rather fight T.B. In Kenya they are also killing people and charge them under the Mau Mau Act. [redacted] and [redacted] do not know that we are taking the same action as the Mau Mau. Just see what happened at Port Elizabeth. You can think for yourself. Once we take that action Malan will understand that we are not playing and we did not demand war. We demand freedom and peace. Now is the time to volunteer".

Op 1/12/1952, het hy 'n vergadering van die "African National Congress" en "Transvaal Indian Congress" te Johannesburg bygewoon. Op 15/12/1952, het hy 'n Dans Party te Johannesburg bygewoon. fonsse ingesamel is vir die Versetveldtog. Op 7/12/1952, het hy 'n vergadering van die Werkende Komitee van die "Transvaal Indian Congress" te Johannesburg bygewoon, en op 19/2/1953, het hy as voorsitter opgetree by 'n vergadering van die "Colonial Youth Day" te Johannesburg wat toespraak was deur welbekende kommuniste.

Op 22/2/1953, het hy 'n vergadering van die "Colonial Youth Day" te Alexandra Stadsgebied, Johannesburg toespraak en gesê :- "Ek dra die groete oor van die "Transvaal Indian Youth Congress". Ons groot die leug van Korea en Egipte. Niemand wat vryheid ken kan die mense van Korea vergeet nie. Ons vergader om die mense van Korea te groot wat deur die Amerikaanse soldate gedood word. Ons harte moet uitgaan na Korea. In Suid Afrika is ons verdeeld en die blankes leef in vrees. Die wetgewings ingedien is 'n bewys dat blanke oorheersing aan die ondergaan is. Hulle gaan slaap met pistole onder hulle kussings. Ons eise is duidelik ons wil nie nie-Blanke dominasie hê nie, maar ons sê dat geen nie-blanke kind sonder kos sal groot word nie, en van toring sterf, nie. Ons eis goeie huise. Ons wil skole, parke en swembaddens hê. Ons wil volie demokratiese regte in hierdie land hê. Ons stryd sal gewonne wees alleenlik wanneer aan ons eise voldaan is. Deur Jou, Swarts, sterf ons kinders van toring nog voor hulle gebore is. Mense was dood geskiet in Johannesburg, Denver, Port Elizabeth en Oos London. Ons hou daarvan om te lewe Mr. Swarts en ons wil almal gelukkig maak en om dit te bekom is ons bereid vir enigiets. As die dood die prys is, is ons gewillig om te betaal."

Op 24/2/1953, het hy 'n vergadering van die "Transvaal Peace Council" te Johannesburg bygewoon. Die vergadering was toespraak deur welbekende kommuniste. Gedurende Maart 1953, het hy besoek afgeleë aan die Westelike Transvaal en in verbinding getree met natuurlike woonagtig in genoemde gebiede. Op 11/4/1953, het hy 'n funksie by die huis van 'n welbekende kommunis, A. Fischer bygewoon waar geld ingesamel was vir die "Advance" nuusblad.

Op 25 April 1953, het hy 'n vergadering van die "Transvaal Peace Council" te Orlando, Johannesburg toespraak en het onder andere gesê /6.....

DECLASSIFIED

in vergadering van die "Transvaal Peace Council" te Johannesburg is hy gekies om op die uitvoerende komitee van hierdie vergadering te dien. Op 27/6/1951, het hy 'n vergadering van die "Transvaal Indian Congress" te Johannesburg bygewoon.

Op 30/5/1950, het hy as voorsitter opgetree by die vergadering van die "Transvaal Indian Youth Congress" te Johannesburg en het ander Geses :- "By the attendance I can see that the Youth of South Africa is alarmed by the oppressive laws passed by the Government, these laws must be rejected by the youth. It is only by struggling that freedom can be achieved. An objection to the Government must be made as they are using the youth as troops in Korea and yet Korea is no danger to South Africa."

Op 14/6/1951, het hy die Unie verlaat en die buiteland besoek waar hy die "Third World Festival of Youth and Students of Peace" te Berlyn, Duitsland bygewoon het. Gedurende sy besoek het hy aan Gedoens by die hoofkwartier van die "World Federation of Democratic Youth" te Budapest, Hongary. Hy het ook besoek gebring aan Poland en Czechoslovakia. Op 14/1/1952, het hy die aangelegte verslag aan "Telepress" gerig, en op 1/5/1952, het hy teruggekeer na die Unie.

Op 17/5/1952, het hy 'n vergadering van die "Transvaal Peace Council" te Johannesburg, toespraak in verband met sy besoek aan die buiteland. Op 26/6/1952, is hy opgemerk by 'n vergadering van die "Garment Workers Union" te Johannesburg waar protes aangeleken was teen die banning van [redacted].

Op 11/6/1952, het hy as voorsitter opgetree by 'n protes vergadering te Johannesburg en onder ander Geses :- "The white man to whom several demands have been made has done nothing for them". Hy het die byeenkoms ook toespraak in verband met sy besoek aan die buiteland. Op 26/6/1952, het hy 'n leidende rol gespeel in organisasie van die versetveldtog wat op hierdie datum 'n aanvang geneem het.

Op 19/6/1952, het hy 'n publieke vergadering te Johannesburg toespraak en Geses :- "If you want the struggle to be a success you will have to follow the instructions of your leaders in a peaceful manner. When we decided to launch this campaign for the Defiance of the Unjust Laws our people, our leaders, made it clear to us that we want a non-violent and peaceful campaign. Only by a non-violent and peaceful campaign can we defeat Malan and his fascists. My friends, Sons and Daughters of starving Africa all around this meeting we see some white faces, they are faces of white policemen. I want you to listen to me and not to worry about those white faces. They are not nice faces to look at. They do not smell nice either. Friends do not dirty yourself by allowing those white policemen to touch you. As I said before the time for talking is no more. Our our beloved leaders, our generals who are leading us into battle are today sitting in the dark cells of South African Gaols. We can't talk any longer, the time has come for action. We have talked too long to the white man, for three-hundred years they have oppressed us. They have ruined our country. The time has come when we must talk to the white man in the only language he understands, the language of struggle. There are ten-million of us who stand and demand freedom in this country. There are only two-million who stand in our way. I want to tell the white man that there are 150 million of us in the continent of Africa and in the continent of Africa there are only three million white people. When the army of freedom marches forward it will brush aside those three million white people."

We are strong because of our numbers, we are strong because of our labour. On us depends the future of this country. If we say to-morrow that we do not want to work in a factory, we don't want to work on your farms, we don't want to work on your mines, we don't want to wash your dishes every morning, where will your white boss be to-morrow. He will be ruined I say". Op 26/9/1952, het hy 'n vergadering van die "African National Congress Youth League" toespraak /5.....

CLASSIFIED

DECLASSIFIED

SUID-AFRIKAANSE POLISIE,  
HOOFKWARTIER.

PRETORIA.

30 September 1954.

Die Sekretaris van Justisie,  
Paleis van Justisie,  
PRETORIA.

PELLEVERSLAF : OPDRAG KR.GTENS ARTIKEL 17 VAN WET NO. 44  
VAN 1950, SOOS GEWYSIG.

1. [REDACTED]
2. A.M. Kathrada.
3. [REDACTED]

Graag beg ek hierby aan die bogenoemde drie verslae  
in tweevoud ooreenkomstig die opdrag van Sy Edale die Minister  
van Justisie.

Die Kommissaries van Polisie verwittig dat hy graag aan  
die hand sou doen dat bogenoemde persone as volg beperk moet  
word indien die Minister dit goed vind:-

1 en 2 - Vir drie jaar binne die perke van die  
Magistraatsdistrik van Johannesburg.

3. Vir 3 jaar binne die perke van die  
Magistraatsdistrik van Durban.

[REDACTED]  
Voorsitte Komitee.

DECLASSIFIED

1. Die volgende verslag is gebaseer op feite wat deur die ondergetekende Komitee versamel is na deeglike ondersoek na die handelinge en bedrywighede van Ahmed Mohamed Kathrada oor 'n tydperk van ongeveer 9 jaar.

2. Die feite is beneal uit die volgende -

- (a) Uit erkennings deur homself gemaak;
- (b) Uit toesprake wat hy gemaak het op beide openbare en geheime vergaderings;
- (c) Uit hoorde van sy erkende en vasgestelde lidmaatskap van Kommunistiese en Kommunisties-georiënteerde liggame;
- (d) Uit hoorde van sy intieme omgang met erkende kommuniste en kommunisties-gesinde persone;
- (e) Uit hoorde van sy besoeke aan kommunistiese Lande oorsee agter die ystergordyn en sy doen en late terwyl hy oorsee was.

Afleidings is ook gemaak wat sterk genoeg is om as feite beskou te word in samehang met die voorafgaande.

3. Die Feite as Bewys Gevind. Openbaar -

dat die bogenoemde persoon al die oogmerke van kommunisme soos omskryf in artikel 1(1)(ix) van 'et No. 44 van 1950, soos gewysig, beoog en dat sy doen en late bereken is om die verversenliking van daardie oogmerke te bevorder.

4. Feite as Bewys Bevind:

- (a) Kathrada is 'n Indier gebore op 21 Augustus 1929 te Schweizer Reneke. Reeds in 1946 toe hy nog op skool was is hy gekies as lid van die Bestuur van die Transvaal Volunteer Corps, 'n organisasie wat deur die Transvaal Indian Congress onder leiding van [redacted] gestig is. Die doel van hierdie vrywilligerskorps was om 'n helpende hand te gee aan die "Passive Resistance Movement" teen die "Asiatic Tenure and Indian Representation/2....."

DECLASSIFIED



DECLASSIFIED

Representation Bill". Op 'n vergadering in Mei 1946 besluit hulle om alles in hulle vermoë te doen om teen hierdie wetgewing te veg en word die besluite deur die Indiiërs van Natal geneem om 'n lydelike versetbeweging van stapel te stuur, verwalkom.

- (b) In 1947 het Kathrada aansoek gedoen vir 'n paspoort om Europa te besoek ten einde die "Berlin Youth Festival" 'n Kommunistiese gesinde organisasie by te woon. Dit is geweier blykbaar omdat hy toe reeds by die Polisie bekend was as 'n kommunist en 'n ywerige ondersteuner van [redacted]. Hierdie beslissing is egter kort daarna herroep want op 23 Junie 1947 is aan hom paspoort Nr. 65672 uitgereik.

- (c) Kathrada was lid van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika. Volgens 'n polisieverslag van 12 Januarie 1950 het die Kommunistiese Party 'n nasionale konferensie in Johannesburg op 6 - 8 Januarie 1950 gehou. Die konferensie is in camera gehou en niemand is toegelaat nie behalwe die afgevaardigdes van die Party. Die verslag bevat ook 'n naamlys van 30 persone wat die konferensie bygewoon het o.a. die van Kathrada. Sover bekend was almal kommuniste. Hierdie inligting is later bevestig wat Kathrada betref deur twee beëdigde verklarings. Dat hy 'n baie bedryfde kommunist is, word verder bevestig deur die talle vergaderings van die Kommunistiese Party en ander kommunistiese gesinde organisasies wat hy van 1948 reeds gereeld bywoon en toespreek en uit die toon en strekking van sy toesprake. Veral is die Kommunistiese Party vergadering wat op 26 Februarie 1950 in Sophiatown gehou in hierdie verband van belang omdat hy in sy toespraak/3.....

DECLASSIFIED

toespraak erken dat hy "in Indier kommunist is en as sodanig hulle vriend" en hom vereenselwig met die verklaring van die vergadering van hulle solidariteit met die Kommunistiese Party.

Uit 'n vertroubare bron is verneem tydens sy verblyf in Budapest in 1952: "This man (Kathrada) is known to us as an active Communist".

(d) Kathrada neem aktief deel in 1948 aan die eerste konferensie van die Transvaal /O.F.S. Assembly for Votes for All wat saamgestel is uit afgevaardigtes van die Kommunistiese Party en alle bekende kommunisties-georiënteerde organisasies. Die doel van die konferensie is -

(1) om byeen te bring afgevaardigtes afgesien van ras en kleur van Transvaal en die Oranje-Vrystaat wat 'n groter aantal burgers sal verteenwoordig as die wet by die algemene verkiesings kan stem;

(11) om vir alle Suid-Afrikanners van algerasse die demokratiese reg van 'n stem te gee en om verliesbaar te wees tot alle regerende liggame in die land, en

(111) om die bestaan van die nuwe Parlement deur 'n minderheid van die volk verlies uit te daag.

Die voorbereidende werk vir hierdie Konferensie is deur 'n werkskomitee gedoen waarvan Kathrada lid was.

Meer inligting omtrent hierdie Konferensie word in ons verslae oor [redacted] en [redacted] ander gegee.

(e) In April 1951 word die Transvaal Indian Congress gevra namens die World Federation of Trade Unions Sekretariaat, te Budapest om 'n verteenwoordiger na Budapest te stuur om in hul Byro werksaam te wees 1.v.m. werk "among the youth of Colonial Countries". Sy onkoste en onderhoud sou deur hulle betaal word. Kathrada

DECLASSIFIED as/4.....

DECLASSIFIED

wat as afgevaardigde van die "Transvaal Indian Youth Congress" die 3de "Berlin World Festival" sou bywoon vertrek van hier per vliegtuig op 14 Junie 1951. Van Londen is hy direk na Budapest gegaan en was daar werksaam vir etlike maande aan die hoofkwartier van die "World Federation of Trade Unions. Tydens sy verblyf aldaar het hy Poland, Roemenia, Tsjecho-Slowakia en ander lande besoek en die "Berlin Festival" bygewoon. Hy was ook gedurig besig om propaganda te maak vir die sogenaamde "vrede" en "vriendskap" Bewegings.

Hy stuur 'n boodskap aan [redacted] die Sekretaris-generaal van die African National Congress in Suid-Afrika en 'n uitgesproke kommunist om aan die hand te doen dat hy die World Federation of Trade Unions se versoek om te reël dat boodskappe aan 'n nasionale konferensie wat op Johannesburg op 16 Desember 1951 sou gehou word, gestuur word van elke land in die Kontinent van Afrika en van alle "Africans" waar hulle ook mag wees in Europa, Amerika en Asië insluitende die "Council for African Affairs".

Op 21.11.51 skryf Kathrada dan ook namens die Sekretaris-generaal van die African National Congress - Suid-Afrika aan die hoofkwartier van die "World Federation of Trade Unions" waarin hy die politieke situasie in Suid-Afrika, volgens bekende kommunistiese sienswyse uiteensit: "The Nationalist Party of Dr. Malan is leading their country headlong into a fascist police state" en te velde trek teen die Groepsgebiedewet en die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme. Hy gaan dan voort: "It is against this background of the political situation that the African National Congress, representing the African people of South Africa is meeting at a National Conference on December 16th. The delegates, expected to come from all over the country, will confer on devising ways and means of combatting the Government's menace ....

DECLASSIFIED

We appeal to you to join with the Friends of Freedom by sending a message of support to this historic Conference". Kathrada was designd Voorstier van die "Transvaal Indian Youth Congress" en as sodanig het hy reeds in Augustus 1950 "fraternal greetings" aan die tweede "World Festival of Youth and Students of Peace" gestuur.

Hy het teen die einde van April 1952 na Suid-Afrika teruggekeer.

(f) Kathrada is 'n besonder aktiewe propagandist van die leerstellings van die Kommuniste. Hy woon gereeld alle kommunisties-georganiseerde vergaderings by en tree dikwels as spreker op. Dit geld ook vir die talie sogenaamde "vrede"-organisasies, 'n groot persentasie waarvan in die lewe geroep is sedert die verbaning van die Kommunistiese Party in 1950 en niks anders as 'n rookskerm is waarnaar die oogmerke van die Kommuniste propageer word. Hy is 'n vlot en blyse spreker wat maklik sy gehoor kan opweep. In sy toesprake is hy uiters eensydig en volg hy die gebruikelike metode van die kommuniste om nl. Rusland en ander kommunistiese lande op te hemel terwyl hy die Westerse lande nie sterk genoeg kan veroordeel en verdoem nie. Hy was ook bedrywig met organisasie- en propagandawerk op die platteland en met die insameling van fondse vir die versetbeweging.

(g) Kathrada is lid of aktiewe ondersteuner van die volgende linkse organisasies:

- (1) Transvaal / O.F.S. People's Assembly for Votes for All;
- (2) Let the People Speak Committee;
- (3) Freedom of Speech Committee;
- (4) South African Society for Peace and Friendship with the U.S.S.R;
- (5) Joint Planning Council;
- (6) National Action Committee;

(7) CIVIL  
DECLASSIFIED

DECLASSIFIED

- (7) Civil Rights League;
- (8) Congress of Democrats;
- (9) Transvaal Indian Congress;
- (10) South African Indian Congress;
- (11) Transvaal Indian Youth Congress;
- (12) Natal Indian Congress;
- (13) African National Congress Youth League;
- (14) African National Congress;
- (15) Een van die Sekretarisse van "The World Festival of Youth and Students for Peace and Friendship (Budapest)";
- (16) Lid van die Uitvoerende Komitee van die World Federation of Democratic Youth.

(h) Kathrada tree dikwels as spreker op by nie-blanke gehore en sluit nie om by sulke geleenthede die blanke as die onderdrukker en uitbouter van die nie-blanke te bestempel nie. Dit doen hy in baie oordrewe taal met die klaarblyklake bedoeling om haat en vyandskap tussen die blanke en nie-blanke rasse aan te wakker om onluste en wanorde aan te moedig in Suid-Afrika en deur die oogmerke van die kommunisme bevorder en bewerkstellig kan word. Hy word beskou as een van die aktiefste kommuniste in die Unie wat die vlam wat reeds flikker aanwakker deur sy gehore gedurig te herinner aan hulle onderdrukking en die diskriminerende welgewing teen hulle. Hierdeur word die kommunisme direk en indirek verheerlik.

- 5. Stavende Feite t.o.v. Feitebevinding in paragraaf 4 hierbo genoem.

(Sommige van hierdie aanhalings val onder meer as een van hierdie onderafdelings maar word met die oog op die groot getal net onder een afdeling geplaas).

(1) Ontriede Artikel 1(1)(ix)(a) Wet 44 van 1950.

Op 22 - 23.5.1948 word die eerste konferensie van die Transvaal / O.F.S. Assembly for Votes for All in Johannesburg gehou. Kathrada is teenwoordig saam met 'n hele aantal bekende lede van die Kommunistiese Party.

DECLASSIFIED



DECLASSIFIED  
reopen. N4

Die kongres word deur  
verwysing na Gandhi se wêreld van tydlike verset sê hy:  
"The aims of such a movement should be to change the whole  
of our political economy so as to make possible the full  
participation of the non-European communities in the  
responsible government of the country".

In Werkkomitee waarvan Kathrada lid was was  
aangestel om die voorbereidende werk van die konferensie  
en aanbevelings te doen. Die doel van die konferensie  
was:

(1) "To rally to the Assembly delegates irrespective  
of race or colour ....";

(11) "To demand for all South Africans of all races  
the democratic right to vote and be elected  
to the governing bodies of the country";

(111) "To challenge the creation of the new Parliament  
by a minority of the people ....."

Die konferensie het 'n sogenaamde People's Charter eengebring  
aanvaar waarin hulle hul plegtig verbind om nie te rus  
nie totdat alle volwasse manne en vroue in Suid-Afrika  
volle reg het om te stem en om te staan om verkies te word  
tot al die verteenwoordigende liggame wat oor die volk  
regeer. Hulle daag ook uit die bestaan van 'n Volksraad  
van wie se verkiesing die meerderheid van die volk verstoel  
is. Wetende dat die nie-blanks die meerderheid in Suid-  
Afrika is toon dit dat hy streef na 'n regering deur die  
nie-blanke proletariaat.

Op 'n vergadering van die Kommunistiese Party vir  
natuurlike gehou te Sophiatown op 26 Februarie 1950 sê  
Kathrada o.a. dat hy 'n Indier kommunis is en as sodanig  
hulle vriend. Hy eindig sy toespraak met die woorde:  
"the people will resist any attack on the Communist Party".  
Die volgende resolusie word eenparig deur die vergadering  
aanvaar: "This mass meeting .... declares its solidarity  
with/8.....

DECLASSIFIED

~~CLASSIFIED~~

with the Communist Party and pledges itself to fight the Government against intended legislation. .... long live the Communist Party".

Op 10.7.50 word 'n "Freedom Rally" in die Ghandi-aanl, Johannesburg gehou waar besluit is om die landswye massa-aksie waartoe op 20.6.50 besluit is, lewendig te hou en voort te sit. Kathrada is teenwoordig.

Hierdie versetbeweging is onder leiding van die African National Congress bygestaan deur alle linkse organisasies. Onder ander sal hulle die terugtrek van die Amerikaanse troepe uit Korea en ander Asiatische lande eis.

Op 18.6.51 skryf Kathrada uit Londen aan die Uitvoerende Komitee van die "Transvaal Indian Youth Congress" in Johannesburg (waarvan hy destyds voorsitter was) en maak groot ophef van die buitengewoon groot belangrikheid van die "World Peace Movement" wat daarin geslaag het om die wêreld in twee kampe te verdeel - die kamp van oorlog en die kamp van vrede: "I do hope that when the call is made to campaign for the Five Power Peace Pact the Youth Congress will not lag". Hy gaan dan voort om Dadoo op te hemel en die "Indian Youth Congress" aan te spoor om deur die viering van sy verjaardag op 'n groot skaal te toon "that the people of South-Africa having more faith in the leadership of [redacted] now that he has become the target of incessant Government and reactionary attacks".

(2) Optrede Artikel 1(1)(ix)(b) Wet 44 van 1950

Op 'n vergadering onder beskerming van die Kommunistiese Party op 26 Februarie 1950 te Sophiatown sê Kathrada: "the bitter struggle in which the working people are involved was caused by a Government that had gone mad .... Apartheid is not just a seperation but a systematic process by which we are being destroyed! Hy gaan voort deur te sê "that he was an Indian Communist and as such their friend.....".

~~CLASSIFIED~~

DECLASSIFIED

Hy organisier 'n algemene vergadering van die "Transvaal Indian Youth Congress" vir 26.5.50 om reorganisasie te bespreek en sê: "We stand for making common cause with the Africans and Coloured and all other democratic youth. The conference will therefore be called upon to devise ways and means of securing the maximum united effort in the struggle against apartheid tyranny".

Op 'n vergadering op 16 April 1950 in Johannesburg sê Kathrada: "The time for talking has passed - the time for action by the non-Europeans has come.... You know Sam Kahn and Dr. Dadoo are championing for your freedom. They stood up to fight for you. That is why numerous organisations .... decided to rally to the non-Europeans against this Government. .... We must demand freedom ... and the vote in this country to do away with these obnoxious laws".

Op 28.5.50 word 'n gesamentlike vergadering van linkse organisasies in Johannesburg gehou waar Kathrada teenwoordig is en hom dus met die volgende besluit deur die vergadering seunparls geneem verenseelwds: .... "It is agreed upon a National Day of Protest and suggests that all African people should refrain from going to work on that day ...."

"In "Colonial Youth Day Rally" word vir 21.2.51 georganiseer deur die " African National Congress Youth League", "The Transvaal Indian Youth Congress" en die "Students Liberal Association" in die Ambagsaal, Johannesburg. Vooraanstaande kommuniste is teenwoordig o.a. Kathrada wat in sy toespraak o.a. sê: "This is the age of the common man, therefore the common man must struggle to the last to free himself from slavery and oppression of the Fascist powers". Hy verwys ook na die etneldade deur die Amerikaanse soldate teen vroue en kinders in Korea gepleeg.

Op 26.6.52 neem Kathrada 'n prominente aandeel in die/10.....

DECLASSIFIED

DECLASSIFIED

in die demonstrasies wat op Boksburg gehou is deur vrywilligers wat hulle verset teen die sogenaamde onderdruk-kende wette op 'n vergadering op 'n oop stuk grond in Forstraat, Johannesburg om 10.25 vm. bygewoon deur ongeveer 200 nie-blankes laat Kathrada hom as volg uit: " We can't talk any longer. The time has come for action. For too long we have been talking to the white man. For three hundred years they have oppressed us - they have <sup>ruined</sup> our country - after 300 years we will talk to the white man in the only language which he understands - the language of struggle ...."

Op 'n ander openbare vergadering van Naturelle in Johannesburg in Junie 1952 is Kathrada die eerste spreker. Nadat hy beweer het dat die witman hom hoegenaemd nie steur aan die eise van die nie-blankes wat hulle aan hom gestel het nie, vertel hy sy gehoor van sy onder-vindings in die lande oorsee wat hy onlangs besoek het. Op 18.6.52 laat hy hom as volg uit: " We cannot talk any longer. For too long we have been calling to the white man. For 300 years they have oppressed us and ruined our country. And friends, after 300 years I say the time has come when we will talk to the white man in the only language that he understands - the language of struggle".

Op die jaarlikse algemene vergadering in Johannesburg op 24.5.53 van die "Indian Youth Congress" tree Kathrada as Voorsitter op en sê: "Nou meer as ooit moet ons saamstaan en hierdie Regering beveg .... Malan het nie aan ons eise toegegee nie; Ons vryheid en gelykstelling sal ons alleenlik deur middel van geweld verkry". Hy vaer uit teen die verskuiving van 60,000 nie-blankes van Sophiatown en die Westelike voorstede wat hulle van hulle eiendom sal berowe: "Ons sal ons teen hierdie stap verset. Ons sal sorg dat die Groepsgebiede-wet nie tot uitvoering gebring word nie. Ons sal môre begin organiseer.

Ons moet/11.....

DECLASSIFIED

Ons moet volhard. Die tyd dat ons met Malan sal afreken kom nader. Ons weet almal dat daar hulp vir ons sal kom ... Ek was voornemens om vandag volledige planne van die derde fase van die versetveldtog te bespreek, maar nou dat ek bewys is dat hier Regeringsplene is, kan ons dit nie doen nie. Hierdie veldtog sal in verband staan met die toepassing van die Groepsbeledewet. Eendomme ter waarde van miljoene ponde sal van Inditers in Sophiatown en ander voorstede geneem word wanneer die Wet toegepas word .... Die Regering sal verhoed word om uitvoering aan hierdie wette te gee.

Op 'n vergadering van die African National Congress op 2.5.1954 in Sophiatown het Kathrada o.a. gesê: "We live in the era of the Defiance Campaign. The life of the Government is short. No fascist dog can stop the common people. I see Malan has sent some of his dogs here today .... We have been talking to the white people in this country for many years; we have been passing resolutions, signing petitions - now we must talk to the whites in the only language that they understand, and repeat a defiance campaign .... the Government can come with its dirty Police Force; we have our force which is the strongest force in the world, namely the force of our labour. ... Superiority of whites is the greatest blurr".

Kathrada was een van die organiseerders van die "Anti-Apartheid Conference" wat te Johannesburg gehou is op 27.6.54 om aksie te beplan teen die toepassing van die sogenaamde onderdrukende wette, om vrywilligers te vra vir die volgende veldtog en om propaganda te maak vir die sogenaamde "Congress of the People".

Hierdie aanhalings toon dat hy geweld, onluste en wanorde beoog vir die bereiking van sy doel wat hy homself gestel het geselskap op 'n kommunistiese lees. Dit toon ook 'n aanvalskering van 'n gees van vyandigheid tussen die blanke en nie-blanke rasse.

(3) Ontwede/13.....

DECLASSIFIED



DECLASSIFIED

(3) Ontrrede Artikel 1(1)(4x)(c) Wet 44 van 1950.

Op 'n "Transvaal Peace Conference" gehou in Johannesburg op 28-29 April 1951 was Kathrada wat teenwoordig was, gekies as Komiteelid van die "Transvaal Council". Dit is die eerste konferensie van hierdie aard, wat ondersteun word deur "African National Congress", the "African People's Organisation", "Transvaal Indian Congress" en die provinsiale komitee vir 'n Suid-Afrikaanse Vredesbeweging. Verskeie boodskappe van oorsese word ontvang, o.a. van "The Council of African Affairs, New York" geteken deur "our [redacted]", "All-India Peace Congress", "the Czechoslovakian Peace Committee" ens. Die lede van die Bestuur van "The Transvaal Peace Council" is vir die grootste deel bekende kommuniste.

Op 'n Colonial Youth Day Rally georganiseer deur die African National Council Youth League, Transvaal Indian Youth Congress (waarvan Kathrada destyds voorsitter was) en die Students Liberal Association vir 21 Februarie 1951 word die volgende besluit geneem: That this Rally of the Youth of South Africa proclaims its solidarity with the youth of the world and resolves to fight Fascism and free the Colonial people from their oppressors, and supports the people of Vietnam, Korea, Indonesia and the Gold Coast in their struggle against their oppressors.

Op 21.11.51 skryf Kathrada namens die "African National Congress" en op aansporing van Sisulu, Sekretaris-generaal van die organisasie, aan die "World Federation of Democratic Youth" - o.a.: "The ruling Nationalist Party of Dr. Malan is leading the country headlong into a fascist police state" en doen 'n ernstige beroep op die organisasie om saam met ander "Friends of Freedom" 'n boodskap van ondersteuning aan 'n Nasionale Konferensie van die African National Congress en ander linkse organisasies in Suid-Afrika te stuur.

In 'n besonderhoud met Telapress in Praag in

Januarie/13.....

DECLASSIFIED

Januarie 1952 verwelkom Kathrada, die Suid-Afrikaanse jeugvertegenwoordiger die besluit van die African National Congress om hulle teen Malan te verset en 'n landswye stryd op 6 April op tou te sit teen sekere diskriminerende wette tensy die wette voor die einde van Februarie 1952 herroep word. Die besluit sal deur alle demokratiese en vrede-lievende magte oor die hele wêreld toegesig word. Dit beteken 'n groter stryd deur die demokratiese magte teen die Regering wat deur die wense van die massas te veront-agzaam, die land verbind het aan die sy van die oorlog-sugtiges. Die land het sy soldate gestuur om die offen-siewe oorlog teen die volk van Korea te voer. Die Regering het openlik sy ondersteuning aan die "Atlantic War Pact" verklaar. Dit het dadelik troepe gestuur om teen die volk van Egipte te veg. Daarom is die stryd om vryheid in Suid-Afrika en die wye wêreld stryd vir vrede onverdeelbaar. Oorwinning vir die volk van Suid-Afrika in hul stryd vir menslike regte sal die grootste oorwinning wees vir die magte van vrede. Dit is nouliks nodig om 'n beroep te doen op die volkere van die wêreld vir hulle solidariteit en ondersteuning in ons stryd omdat die volk van Suid-Afrika baie goed weet van die gewillige hulp wat reeds gegee is en verder sal gegee word. 'n Vry Suid-Afrika sal die bande waarmee Malan en sy fascistiese Regering ons gebind het aan die kamp van die oorlogsugtiges verbreek en sal sy regmatige plek in die kamp van vrede neem.

Die dag na die uitslag van die algemene verkiesing 1953, onder uiters geheime omstandighede het Kathrada hom as volg uitgeslaai: Alleenlik met die hulp van Rusland en India sal ons hierdie nazi regering omver kan gooi en vryheid vir die menigte verdruktes verkry - Kathrada staan aan die hoof van sekere geheime uitsendings

Op 'n vergadering van die "Transvaal Indian Youth Congress" gehou in Marabastad, Pretoria op 25.5.52 word Kathrada deur die Voorstatter voorgestel as 'n persoon wat

10 maande/14.....

DECLASSIFIED

DECLASSIFIEER

10 maande oorsee was en die "Berlin Festival of Youth" bygewoon het en die lande agter die Ystergordyn besoek het. Kathrada wat beskryf word as 'n baie bitsige spreker wý uit oor kapitalisme en kommunisme. Hy vergelyk die twee ideologies met mekaar en die deugde van laasgenoemde aan sy gehoor verduidelik. Hy het ook gesê dat [redacted] 'n klomp rowers na Korea gestuur het om die arme Koreane daar te gaan doodskiet.

Op 1.10.52 op 'n massa-vergadering in die Ambagsaal, Johannesburg, onder voorsitterskap van Kathrada spreek [redacted], 'n lid van "The Friends of the U.S.S.R." die vergadering toe, asook [redacted], Voorsitter van die "Transvaal Peace Council". Die hoof spreker is [redacted] 'n uitgesproke kommunis wat kort tevore die Verre Ooste besoek het. Die algemene strekking van sy opmerkings het gehandel oor: "American Imperialism in the Far East", "South African Racial discrimination and Chinese Liberation"; die laaste is opgehemel terwyl die eerste twee verdoem is. Die Voorsitter (Kathrada) sê: "I want to address the audience on 'Young China'. New China has very much improved today - they were educating their children .... Today there are also Chinese students at the Witwatersrand University. He wished young China every luck in its success in attaining freedom from white oppression". Hy vereenselvig homself ook met wat die ander sprekers gesê het.

Op 22.2.53 tree Kathrada op as Voorsitter van 'n vergadering "Colonial Youth Day" in Alexandria-stadsgebied, Johannesburg. Hy bring die groete oor van die "South African Indian Youth League". "Ons groet die Jeug van Korea en Egipte. Ons vergader om die wense van Korea te groet wat deur die Amerikaanse soldate gedood word. Ons eise is duidelik - ons eis goeie huise. Ons wil skole, perke en swembaddens hê. Ons wil volle demokratiese regte in hierdie land hê. Ons stryd sal gewonne wees alleenlik

wanneer/15...

DECLASSIFIEER

wanneer daar aan ons eise voldoen is".

'n Studentevergadering word op Wiltwatersend Universiteit op 25.3.53 belê met die doel om [redacted] en die Kenya National Congress van hulle bystand in sy poging om die Naturrelle in Kenya van Britse Imperialisme te bevry, te verseker. Kathrada wat nog student is in die regte is teenwoordig en dra 'n kenteken van die Franse Kommunistiese Party aan sy bandjie.

Uit 'n mees vertroubare geheime bron is vernem dat Kathrada en [redacted], 'n bekende kommunist, die volgende gesprek met 'n derde persoon gehad het: "Ons is besig om groter en sterker "Transmitter" te bou vir kommunikasie met oorsese organisasies, veral met die U.S.S.R. Ons is reeds in besit van 'n sterk beweegbare stel waarmee ons uitstekende kontak maak met Indis en die Soviet .... Die nuwe sender wat ons besig is om te bou sal van lewensbelang vir ons saak in Suid-Afrika wees ...." Kathrada het bevestig dat die "South African Indian Football Association" sekere lede het wat met die "Indian Congress" saamwerk. Hulle sal inligting aan die Indiese Regering oordra en verneme inligting vanaf Indis na die Unie terugbring".

Dit is vertroulik bepaal dat Kathrada die dag na die verpleasing in 1953 hom as volg uitgelat het: "Alleenlik met die hulp van Rusland en Indis sal ons hierdie nazi-regering omver kan gooi en vryheid vir die menigte verdruktes verkry". In 'n verslag wat 'n kortte opsomming van feite verstrek word gesê: "Kathrada staan aan die hoof van sekere geheime uitsendings".

'n Vergadering van die "Transvaal Peace Council" word gehou in Orlando op 25.4.53 om belangstelling op te wek en die mense te vermaan om nie wapens teen Rusland en sy bondgenote in tyd van oorlog op te neem nie; ook om V.C. Berrange wat pas van 'n besoek aan die Sowjet-Unie teruggekeer het, te hoor. Kathrada tree ook op as spreker

~~DECLASSIFIED~~.....

~~CLASSIFIED~~

en sê: "Glo my daar is geen demokrasie in hierdie land nie. Selfs in Engeland is daar apartheid".

Op 'n vergadering in die Ambagsaal, Johannesburg op 2.8.53 sê Kathrada: "We must send our heartiest greetings to the opening of the 4th World Festival of Youth and Students at Bucharest. We greet the youth of the world through our meeting here today to build plans for peace. We particularly send our greetings to Walter Sisulu the Secretary-General of the African National Congress who will be their guest of honour at the Festival .... These Festivals are organised by the World Federation of Democratic Youth and the International Union of Students (IUS).... We were invited to a meeting of the young people of Korea ... We told them that the majority of the people of our country had no faith in the making of such war.....

Op 'n vergadering in Johannesburg van die "South African Society for Peace and Friendship with the U.S.S.R" vertel Kathrada van die mooi ontvangs deur die 200 miljoen mense van die Sovjet-Unie van hom, 'n vreemdeling. Hy het tot die konklusie gekom dat Amerika en ander lande leuens vertel omtrent die Sovjet-Unie.

In Januarie 1954 stuur die "South African Festival Committee" solidariteitsposkaarte aan Kenyetta geteken deur 1 1000 mense. Kathrada organiseer 'n Kenya-vergadering.

Op 25.2.54 word 'n uiters geheime vergadering deur die "African National Congress", "South African Indian Congress", "South African Indian Youth Congress", "Non-European Unity Movement" en die Liberale Party in Johannesburg gehou. Die Voorsitter verduidelik die absolute noodsaaklikheid van geheimhouding en sê: "The democratic people of South Africa must realise that they have a part to play in the present situation as the oppressed people marched forward to freedom". Kathrada is aanwesig. Die doel is 'n sogenaamde "Congress of the People" in Suid-Afrika in die lewe te roep. Dit sal in werklikheid niks

~~CLASSIFIED~~ Onder 17.....



andere wees as 'n "Nie-Blanke Parlement" en die plan sijn te wees om, sodra die Kongres 'n werklikheid geword het, aan die wereld te verkondig dat die kongres die meerderheid van die inwoners van Suid-Afrika verteenwoordig en dus as die werklike regering van die land beskou moet word".

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat Kathrada, indien nie direk nie, dan wel by implikasie en uit hoofde van sy agtergrond, beoog het die teweegbring van 'n politieke, sosiale of ekonomiese verandering binne die Unie, geskied op die kommunistiese lees, wat hy geduriglik voorgehou het as die ideale staat.

(4) Opbrede Artikel 1(1)(ix)(d) Wet 44 van 1950.

Op 'n vergadering van "To Defend Free Speech Convention" op 16.4.50 en 23.4.50 maak Kathrada feitlik dieselfde toespraak. Hy sê: "This country has been built by the blood and sweat of 9 million non-Europeans and since the [redacted] Government has come into power there has been more oppression, more passes and thousands of Africans have no jobs and numbers are dying of starvation.... The white man killed the African Chief Dingaan.... We are prepared to sacrifice and our women will not carry passes. ... We'll demand that 9 millions should make their own laws and send their own representatives to Parliament to make laws and not [redacted] and the rest of them."

Op 'n National Day of Protest vergadering gehou in die Germistonse Lokale op 24.6.50 sê Kathrada: "Europeans were foreigners in this country which belonged to the non-Europeans. The non-Europeans were doing all the work and the Europeans were enjoying the fruits of their labour.... The police are of no assistance to the non-Europeans except to shoot them and throw them in prison. ... The non-Europeans are in the majority and that if they unite they would conquer the country in three days".

~~CLASSIFIED~~ 02-5-51/18.....

18-DECLASSIFIED

Op 1.5.51 op 'n "Freedom Day Victims' Memorial" vergadering in Johannesburg tree Kathrada as Voorsitter op en open die vergadering deur te sê: "These people (the 19 heroes who died on 1.5.50 (Freedom Day) in the struggle for the liberation of the non-European people of South Africa) were innocently shot dead by the Police when demonstrating for their rights".

Op 'n openbare vergadering op 19.6.52 gehou in Johannesburg en bygevoeg deur plus minus 200 nie-blankes sê K. thrada o.a. "After 300 years I say the time has come when we will talk to the white man in the only language he understands - the language of struggle. Our Chairman has asked: Who grows the food in this country? It is our little children, 10 years old, 15 years old who work and starve and die on the farms of the white man. They grow the food so that the white man can eat and get fat! Yet thousands and thousands of our little children cannot get the food that he grows! " In the Transkei and Ciskei thousands and thousands of our little children die every year because they cannot get that food. And a lot of that food is sent overseas.... Who built those houses in Parktown, Norwood and Houghton? Wasn't it our black people who sweated and toiled day and night for £2 a week with their children dying at home of starvation. Didn't those black people build those homes? Yes, and those people have to live in the shanty-towns of Moroka where the white man is afraid to keep his dog! Yes friends ... we appeal to South Africa as a whole. There are 10 millions of us who stand and demand freedom in this country..... When the army of freedom marches forward it will brush aside those 3 million white people (in the whole of Africa) .... But friends we must unite behind our Congresses, because the Congresses under [redacted] and Dr. Moroka will bring us our liberation in this country".

Op 'n vergadering van "The World Federation of Democratic/19.....

DECLASSIFIED

Democratic Youth" in Johannesburg op 10 November 1952 sê Kathrada ... "They (Malan en Swart en hulle skietkommando; say they are fighting communism, let them rather fight T.B. In Kenya they are also killing people and charge them under the Mau-Mau Act. Malan and Swart do not know that we are taking the same action as the Mau-Mau. Just see what happened at Port Elizabeth. You can think for yourself. Once we are taking that action Malan will understand that we are not playing; and we did not demand war, we demand freedom and peace".

Op 'n vergadering op 22.2.53 te Alexandra-stads-gebied onder Voorzitterskap van Kathrada sê hy: .... Deur Jon Swarts sterf ons kinders aan toring nog voor hulle gebore is.... Mense is doodgeskiet in Johannesburg, Denver Port Elizabeth en Oos Ionden".

Op 'n vergadering van die "African National Congress Youth League" op 24.4.54 in Johannesburg sê Kathrada: "Die African National Congress moet praat in die taal wat die hele wêreld sal verstaan. ... Die nie-blankes doen die werk in die fabrieke en op die plase. So werk die nie-blankes wat arm bly vir die blankes en hulle word ryk. Die nie-blankes moet veg vir hul vryheid" Spreekder deel mee dat hy vir Pakosh, Eerste Minister van Hongarye in Europa ontmoet het, wat 16 jaar in die gevangenis was omdat hy vir vryheid wat hy eindelik verkry het, geveg het.

Op 'n vergadering van die African National Congress op 23.8.53 sê Kathrada: - Ons nie-blankes moet onder vuur en morsige omstandighede in die lokasies en agterbuurtes lewe. Ons moet saam staan en onseelf bevy. Toe Jan van Riebeeck hier geland het het hy ons voorvaders geplunder en hulle van hulle land beroof. Ons nie-blankes is die regmatige en wettige eienaars van die land. Dit is

**DECLASSIFIED** en te sien dat hierdie land weer aan sy wettige eienaars besorg word. In Indis het die mense onder leiding

van/20.....